ORANIA LANDBOUVERENIGING

Tel: 073 104 9649

Epos: navrae@oranialandbou.co.za

VERSLAG

VAN DIE

ORANIA VOEDSELMANDJIE

Jaar op Jaar

APRIL 2021

14 April 2021

INHOUD

1 INLEIDING& SAMESTELLING 3

2 MONETÊRE WAARDE VAN MANDJIE 5

3 VOEDSELINFLASIE 6

4 KOMMENTAAR 7

1 INLEIDING& SAMESTELLING

Sedert April 2020 versamel en stoor die Orania Landbouvereniging (OLV) prys data rondom die koste van voedsel in die gemeenskap van Orania om voedselinflasie te volg en sodoende aan verbruikers en belanghebbendes beskikbaar te stel.

Pryse word maandeliks in gevorder tussen die 1ste en 5de van die maand volgens ‘n “minimum” van 28 vasgestelde voedselitems gebaseer op ‘n gesin van 4 persone (2 volwassenes & 2 kinders) vir 2 weke.

Hierdie Projek staan bekend as die Orania Voedselmandjie en bestaan uit die volgende items in *Tabel 1*.

Hoeveelheid		Item
1	250g	Frisco koffie
1	40 sakkies	Rooibostee
1	1kg	Suiker
12	1L	Langlewemelk
1	2kg	Movite / Growwemieliemeel
2	18	Eiers
8	1kg	Maalvleis
8	500g	Macaroni / Spagetti
1	125g	Sout
1	50g	Peper
1	700ml	Tamatiesous
1	470g	Blatjang
8	170g	Tuna in soutwater / 4kg Hake
1	750ml	Sonneblomolie
1	1,5kg	Appels
14	1	Bruin brode
1	1kg	Stork Margarien
1	1kg	Tamaties
1	1kg	Uie
1	1kg	Aartappels
1	1kg	Gemengdegevriesdegroente
0.3	1kg	Kaas
1	12 Pak	Toiletpapier
1	kg	Omowaspoeier
2	koekies	Bad seep
2	Buisies	Tandepasta
1	350ml	Sjampoe
1		Handeroom

Tabel 1

Hierdie verslag sluit in die Orania Voedselmandjie syfers vir April 2021 en dien dan ook as die eerste Jaar op Jaar syfer vir hierdie projek.

Na aanleiding van die voltooide *Orania Voedselverbruikers Opname* van Februarie 2021, kan ons ook uitsien na die toekomstige uitbouing van die Orania Voedselmandjie om by Orania verbruikers se koop gewoontes aan te pas.

Ons wil graag ons opregte waardering uitspreek teenoor die voedselhandelaars in Orania vir hul bydraes in hierdie projek.

Gerhard Kotzé

Voorsitter

2 MONETÊRE WAARDE VAN MANDJIE

Die onderstaande *Grafiek 1* toon die monetêre waarde van die Voedselmandjie sedert April 2020.

Tydens April 2020 was die koste van die Voedselmandjie R1,949.37 en het in April 2021 geïndig op R2,204.16.

Die meeste wisselvalligheid was in die eerste 6 maande vanaf April 2020 tot September 2020 toe die Grendelstaat met sy onderskeie inperkingsregulasies die strengste was. Vandaar af was daar meer geleidelike verhogings in die inflasiekoers.



Grafiek1

3 VOEDSELINFLASIE

Grafiek 2 toon die maand op maand koers in die koste van die Voedselmandjie. Merkwaardig het Augustus 2020 en Oktober 2020 deflasiekoerse getoon op hul vorige maande van -5.59% en – 0.50% onderskeidelik. Ongeag hierdie deflasie, het dit wynig verligting gebring vir verbruikers op die langer duur. Verder is die hoë inflasiekoerse ook sigbaar tydens die strenger tydperk van die Grendelstaat, asook hoe die koers verminder het namate die termyn verloop. Desember dien as verwagte uitskieter in die 2de helfde van die termyn.



Grafiek2

Die onderstaande *Grafiek 3* toon die aanloop tot die jaar op jaar voedselinflasie syfer vir April 2021. Elke maand se koers word gemeet teenoor April 2020. Weereens is die wisselvalligheid in die eerste helfde van die termyn sigbaar, met ‘n meer stabiele koers tydens die 2de helfde.

April 2021 se jaar op jaar voedselinflasie koers vir Orania kom te staan op 13.07%.



Grafiek3

4 KOMMENTAAR

Dit is geen geheim of teen enige verwagtinge dat die koste van voedsel die verbruiker se sak negatief sou raak tydens die afgelope 12 maande nie. Wêreldwye ekonomiese onstabiliteit n.a.v. die Covid-19 pandemie het die wêreld op sy kop gekeer en moes die meerderheid verbruikers die belt stywer vasmaak om te kon oorleef.

Alhoewel Landbou een van die sektore in die ekonomie was wat grotendeels kon voortgaan met produksie, was dit nie sonder uitdagings om somtyds insette vir produksie te verkry of om produkte by die mark te uit te kry nie. Ons het dit veral ook beleef met vars produkte, asook ander items (verwerk en onverwerk) wat deur invoere geraak was.

As Oraniërs moet ons besef dat die koste van produksie in die landbou, die koste van verwerking van voedselitems, asook die koste van vervoer ons voedselinflasie altyd gaan affekteer, totdat ons as gemeenskap ook meer selfstandig en onafhanklik word in hierdie sektor.

Volume en kapasiteit van produkte gaan nog vir ‘n geruime tyd ons voedselhandelaars se uitdaging wees, soos dit ook is met ander sektore in ons gemeenskap. Dit is dus te verwagte dat die voedselinflasie nog vir ‘n geruime tyd hoër as die Suid-Afrikaanse nasionale koers sal wees.

Die OLV sal onverpoost voort stoei om die gemeenskap in te lig, te aktiveer, en ons kleinboere en entrepreneurs te ondersteun om produktief by te drae op die pad van voedselsekerheid, - bekostigbaarheid en – beskikbaarheid vir Oraniërs.